# Voorbeelde van erflatings aan die Universiteit van Stellenbosch

U erflating aan die Universiteit van Stellenbosch sal hom in staat stel om 'n tersiêre instelling van internasionale gehalte te bly tot voordeel van alle Suid-Afrikaners.

'n Erflating kan ongebonde of een met spesiale voorwaardes wees. U kan byvoorbeeld 'n spesifieke bedrag geld of 'n persentasie van u boedel, vaste eiendom, aandele, kunswerke, boeke of die opbrengs van 'n lewenspolis aan die Universiteit Stellenbosch nalaat.

Om voorsiening te maak vir inflasie, kan u ook 'n erflating maak volgens 'n persentasie van u boedel, eerder as om 'n bepaalde bedrag te spesifiseer.

Hierna volg 'n aantal voorbeelde wat u kan gebruik indien u 'n nuwe testament maak of 'n kodisil tot u bestaande testament wil byvoeg.

## ONGEBODE

Ek bemaak die bedrag van

R ______________________________

(of 'n sekere persentasie of die restant van my boedel) aan die Universiteit van Stellenbosch. Die Raad van die Universiteit van Stellenbosch kan genoemde bedrag (of restant) na goeddunke aanwend.

## KANKERNAVORSING

Ek bemaak die bedrag van

R ______________________________

(of 'n sekere persentasie of die restant van my boedel) aan die Universiteit van Stellenbosch ter befondsing van kankernavorsing in die Fakulteit Gesondheidswetenskappe.

## NAVORSING

Ek bemaak die bedrag van

R ______________________________

(of 'n sekere persentasie of die restant van my boedel) aan die Universiteit van Stellenbosch vir die doel van

______________________________

______________________________

(byvoorbeeld ter bevordering van navorsing op die gebied van Landbou, Gesondheidswetenskappe, Opvoedkunde, ens). Indien die Raad van genoemde Universiteit te eniger tyd oordeel dat hierdie bemaking nie langer effektief aangewend kan word vir die doel hierbo deur my aangewys nie, mag hy hierdie bemaking gebruik vir enige ander doel wat, na sy mening, die naaste met my bogenoemde wens (of wense) ooreenstem.

## BEURSE

Ek bemaak die bedrag van

R ______________________________

(of 'n sekere persentasie of die restant van my boedel) aan die Universiteit van Stellenbosch, onderworpe aan die beperking dat genoemde bedrag na goeddunke van die Raad van die Universiteit belê moet word, en dat die opbrengs uit sodanige kapitaal aangewend moet word om 'n studiebeurs te befonds vir behoeftige en verdienstelike studente in die

______________________________

(byvoorbeeld die Departement Rekeningkunde of die Fakultiet Teologie). Die beurs moet bekend staan as die

______________________________

(byvoorbeeld Jan Burger Studiebeurs).

Om vir inflasie voorsiening te maak, kan die Raad van die Universiteit in ’n bepaalde jaar die opbrengs op sodanige kapitaal na goeddunke ten volle of gedeeltelik kapitaliseer.

Enige toekenning en uitbetaling van bogenoemde studiebeurs geskied in ooreenstemming met genoemde Universiteit se Algemene bepalings en voorwaardes betreffende beurse.

Indien die Raad van genoemde Universiteit te eniger tyd oordeel dat hierdie bemaking nie langer effektief aangewend kan word vir die doel hierbo deur my aangewys nie, mag hy hierdie bemaking gebruik vir enige ander doel wat, na sy mening, die naaste met my bogenoemde wens (of wense) ooreenstem.

## LEERSTOEL

Ek bemaak die bedrag van
R ______________________________

(of ’n sekere persentasie of die restant van my boedel) aan die Universiteit van Stellenbosch vir die instelling van ’n leerstoel in

______________________________

______________________________

(byvoorbeeld Toegepaste Wiskunde). Genoemde bedrag moet na goeddunke van die Raad van die Universiteit belê word en net die opbrengs op sodanige belegging, nie die kapitaal nie, moet vir die Instandhouding van die leerstoel aangewend word. Enige opbrengs wat in ’n bepaalde jaar nie aldus aangewend word nie, moet gekapitaliseer word.

Indien die Raad van genoemde Universiteit te eniger tyd oordeel dat hierdie bemaking nie langer effektief aangewend kan word vir die doel hierbo deur my aangewys nie, mag hy hierdie bemaking gebruik vir enige ander doel wat, na sy mening, die naaste met my bogenoemde wens (of wense) ooreenstem.

## BOEKE / KUNSWERKE / AANDELE / EFFEKTE

Ek bemaak aan die Universiteit van Stellenbosch

______________________________

______________________________

(byvoorbeeld my versameling boeke of my versameling skilderye of my aandele), wat uit die volgende bestaan:

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

## LEWENSVERSEKERINGSPOLIS

Ek bemaak die opbrengs van my

______________________________

______________________________

(byvoorbeeld, Sanlam of Ou Mutual) polis, nommer:

______________________________

aan die Universiteit van Stellenbosch.

Genoemde opbrengs moet na goeddunke van die Raad van die Universiteit aangewend word. (of: Genoemde opbrengs moet na goeddunke van die Raad van die Universiteit belê word en die inkomste uit sodanige belegging, maar nie die kapitaal nie, moet aangewend word vir die doel van

______________________________

______________________________

## KODISIL

Dit is 'n kodisil tot die testament van

______________________________

______________________________

gedateer ______________________________

Ek/Ons bemaak aan die Universiteit van Stellenbosch 'n bedrag van R ______________________________

(bedrag in woorde) ______________________________

______________________________

of 'n sekere persentasie of die restant van my/ons boedel.

Geteken te ______________________________

op die ______________ dag van ______________

AS GETUIES:

1 ______________________

2 ______________________ ______________________

TESTATEUR/TESTATRISE